

Saterdag 3 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 2:1-6

Fokusgedeelte: Hosea 2:1

Die feilbare kerk

In die Ou Testament word die verhouding tussen God en sy kerk dikwels as 'n huwelik uitgebeeld: God die eggenoot, die kerk die eggenote. Lidmate is die kinders. Hierdie verhouding word ook die *verbond* genoem, omdat God Hom met 'n band aan die volk gebind het. Hierdie verhouding was monogaam – een Man, een vrou. Die struktuur van die kerk het so gelyk: die priesters was die kerkleiers en die volk die lidmate. Die priesters moes preek: “So sê die HERE Here ...” – die volk moes luister en doen. Die profeet (in hierdie geval Hosea) het buite hierdie struktuur gestaan en namens God gepraat.

God is volmaak. Nie een van die voorwaardes in die huwelikskontrak (Tien Gebooie) benadeel die kerk nie – maar sy wil meer hê! Die kerkvolk het hulle godsdiens eiuillig beoefen. Eredienste en kerklewe moes aanvaarbaar wees – daarom is die “lekker” van heidense godsdiens deel van die kerklewe gemaak (vs 4). Effektief is God uitgeskuif.

Vir die Eggenoot is dit onaanvaarbaar. As Volmaakte gee Hy haar 'n skeibrief (Jer. 31:32), ontbloot haar feilbaarheid met die doel dat sy haar eie sonde moet besef en na haar Eggenoot terugkeer. God is bereid om te vergewe asof die sonde nie gedoen is nie. Jesus was God se grootste Profeet (Matt. 21:27) – wat sy liefde sigbaar aan die kruis getoon het.

Vandag is die kerk steeds feilbaar. Uiteindelik is die lidmate die lydendes as die kerkleiers faal. Twis uit die Woord van die Here wanneer ons as kerk dwaal. Keer terug! Die Eggenoot is daar!

Sing: Psalm 130-1:2

Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)